# RPO MARKVERSLAG


## Week 30 van 2025





| KLAS | PRYS | WEEK/WEEK | MAAND/MAAND | JAAR/JAAR |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | **R36.78** | 2.6% | 3.6% | 12.9% |
| A2 (R/kg) | **R71.77** | 2.4% | -11.3% | 29.6% |
| B2 (R/kg) | **R58.11** | 2.5% | -4.0% | 25.5% |
| C2 (R/kg) | **R58.17** | 3.8% | -1.2% | 34.0% |

## SPEENKALWERS

Die prys het in Week 30 met 2.6% gestyg teenoor die vorige week en is tans 12.9% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n laer aanbod van speenkalwers met speentyd wat nou basies tot 'n einde gekom het. Daar kan verwag word dat die prys 'n moontlike stygende tendens kan volhou en 'n piek in November bereik. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in September rondom R38/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R33/kg en nie hoër as R45/kg behoort te wees nie.




## A2 BEESKARKASSE

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 30 met 2.4% gestyg teenoor die vorige week en is tans 29.6% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in September rondom R81/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R70/kg en nie hoër as R93/kg behoort te wees nie. Daar moet egter gelet word dat die hoër prys van die afgelope maand, die voorspelde prys redelik opwaarts beïnvloed het en dat die prys moontlik nou meer na die onderste grens toe neig soos die mark ewewig vind na die bek-en-klouseer paniek.


RMIS UFS
*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*


***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*



RPO ROOIVLEIS PRODUSENTE ORGANISASIE

# RPO MARKVERSLAG
## Week 30 van 2025




| KLAS | PRYS | WEEK/WEEK | MAAND/MAAND | JAAR/JAAR |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | **R48.66** | 2.7% | 0.9% | 18.9% |
| A2 (R/kg) | **R105.25** | -0.7% | 0.4% | 17.5% |
| B2 (R/kg) | **R77.66** | 0.4% | 6.6% | 15.5% |
| C2 (R/kg) | **R76.94** | 3.0% | 6.8% | 20.0% |


## STOORLAMMERS




Die stoorlamprys het in Week 30 met 2.7% gestyg teenoor die vorige week en is sowat 18.9% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n laer aanbod op lammers. Die verwagting kan geskep word dat die prys vanaf einde Julie stelselmatig kan begin daal tot in November. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in September rondom R48/kg te wees en nie laer as R40/kg en nie hoër as R56/kg nie.

## A2 LAMKARKASSE

Die lamkarkasprys het in Week 30 met 0.7% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 17.5% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan swakker vraag na lamkarkasse terwyl die rakpryse van beesvleis steeds hoog is. Daar kan verwag word dat die prys stelselmatig kan daal vanaf Augustus tot Oktober. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in September ongeveer R109/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R96/kg en nie hoër as R123/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

ROOIVLEIS PRODUSENTE ORGANISASIE
RPO